Historiese Publikasies Suidelike Afrika
(voorheen die Van Riebeeck Vereniging)
Grondwet

1. Die doelstellings van die Vereniging is:
   (i) om seldsame en waardevolle boeke, pamflette en dokumente betreffende die geskiedenis van Suidelike-Afrika te druk, of te herdruk, ter verspreiding onder die lede en vir verkoop aan die publiek;
   (ii) om navorsing oor die geskiedenis van Suidelike-Afrika in sy geheel en die beskikbaarstelling en verspreiding van die resultate van sulke navorsing te bevorder;
   (iii) om kontak en uitwisseling van kennis en inligting met diegene binne en buite universiteite geïnteresseerd in die verlede van Suidelike-Afrika te bevorder met die oog op die publikasie en verspreiding van die resultate van geskiedkundige navorsing.
   (b) Die aktiwiteite van die Vereniging sal die volgende insluit:
   (i) die gereelde publikasie van seldsame en waardevolle boeke, pamflette en dokumente betreffende die geskiedenis van Suidelike Afrika;
   (ii) die periodieke publikasie van 'n nuusbrief.
   (c) Die Vereniging sal as regspersoon funksioneer wat in sy eie naam kan dagvaar of gedagvaar kan word.
   (d) Die Vereniging sal ‘n liggaam met regspersoonlikheid wees wat in staat is om in sy eie naam te dagvaar of gedagvaar te word.

2. Die Raad waarvoor hierna voorsiening gemaak word, sal op sy eerste vergadering na die Jaarlikse Algemene Vergadering die jaarlikse intekengeld vir die volgende kalenderjaar bepaal en die jaarlikse intekengeld sal op 1 Januarie van elke jaar betaalbaar wees.

3. Elke lid van die Vereniging is, na betaling van sy/ haar intekengeld, geregtig op 'n eksemplaar van elke werk deur die Vereniging uitgegee gedurende die tydperk waarvoor sy/ haar intekengeld betaal is, en om te stem op die Algemene Vergaderings.

4 'n Algemene Vergadering van intekenaars sal minstens een keer per kalenderjaar gehou word.

5. (a) Die beheer oor die werksaamhede van die Vereniging berus by 'n Raad van tien lede, 'n Voorsitter, 'n Vise-voorsitter, 'n Tesourier en nog ses ander lede, wat op elke derde Algemene Vergadering gekies word, beginnende met die Jaarlikse Algemene Vergadering vir 1992, en die Direkteur van die Nasionale Biblioteek van Suid -Afrika, of sy/ haar verteenwoordiger, as 'n ex-officio lid. Die Raad het die reg om te alle tye ses ekstra lede te koöpteer wat bevoegde intekenaars moet wees.
   (b) Elke bevoegde intekenaar kan tot lid van die Raad verkies word, mits:
   (i) hy/sy behoorlik deur twee ander bevoegde intekenaars skriftelik genomineer is (L.W. 'n bevoegde intekenaar is 'n lid wat op die datum van die aankondiging van die Jaarlikse Algemene Vergadering 'n lewenslange lid is, of wat sy/ haar intekengeld vir die lopende jaar of die vorige jaar betaal het); en
   (ii) hy/sy sodanige nominasie mondeling (indien aanwesig op die betreffende vergadering) of skriftelik (indien nie daar aanwesig is nie) aanvaar het.
   (c) Kennisgewing van sodanige vergadering word minstens drie weke voor die datum van die vergadering aan lede gestuur.

(d) Die Raad sal wanneer nodig vergader om sake af te handel en vir sulke vergaderings word 'n kworum van vyf persone vereis. In die geval van 'n staking van stemme het die Voorsitter 'n beslissende stem.

6. Die Raad benoem 'n sekretaris en ander funksionarisse soos van tyd tot tyd in die belang van die Vereniging nodig geag word.

7. Die Vereniging sal nie aan sy werknemers, ampsdraers, lede of ander persone besoldiging betaal wat oormatig is nie, inagnemende wat redelik is in verhouding tot die diens gelewer deur daardie persoon aan die Vereniging en sal nie enige persoon ekonomies bevoordeel op 'n wyse wat nie in ooreenstemming met sy doelstellings is nie.

8. Die Vereniging sal nie enige skenking aanvaar nie wat herroepbaar is deur die skenker behalwe vir 'n materiële versuim van die Vereniging om te voldoen aan die gestelde oogmerke en voorwaardes van die skenking, insluitende enige wanvoorstelling deur die Vereniging met betrekking tot die aftrekbaarheid daarvan vir belastingdoeleindes in terme van artikel 18A van die Wet op Inkomstebelasting, Wet 58 van 1962, soos gewysig, en enige ooreenstemmende bepaling in 'n wet wat genoemde artikel vervang.

9. Lede van die Raad en sy werknemers of agente sal uit die fondse van die Vereniging gevrywaar word teen enige eis wat teen hulle ingestel kan word op grond van aksies wat uit hulle werksaamhede in belang van die Vereniging onderneem is.

10. Enige persoon wat werke vir die Vereniging voorberei of redigeer sal, indien hy of sy dit verlang, ses gratis eksemplare van die betrokke werk ontvang, en sal die reg hê om teen 'n afslag van 40 persent van die aanbevole Suid-Afrikaanse kleinhandelsprys enige verdere eksemplare van die betrokke werk aan te koop vir sy/ haar persoonlike gebruik, nie vir herverkoop nie. Betalings vir sodanige aankope moet binne 30 dae vanaf die faktuurdatum geskied. Indien twee redakteurs betrokke is, sal die getal gratis eksemplare tien wees; indien meer as twee redakteurs, twaalf.

11. (a) Hierdie grondwet mag slegs deur 'n twee-derde meerderheid van die lede aanwesig by 'n algemene ledevergadering van die Vereniging gewysig word, na oorweging deur die Raad.
(b) Die Raad sal 'n afskrif van enige wysiging aangeneem in terme van paragraaf (a) aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstedienste stuur.

12. Indien die Vereniging ontbind word, sal die bates wat oorbly oorgeplaas word na die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, vir gebruik in ooreenstemming met die doelstellings van die Vereniging.